



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **TOERISME**

## **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

**2012**

**Hierdie riglyne bestaan uit 15 bladsye.**

# DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR TOERISME

## INLIGTING VIR ONDERWYSERS

### 1. INLEIDING

Die Praktiese Assesseringstaak vir Toerisme behoort die leerders se begrip van die toerismebedryf as 'n dinamiese ekonomiese sektor te toon. Dit is gemik op die uitbreiding van leerders se kennis, waardes en vaardighede wat in graad 10, 11 en 12 opgedoen is in verband met reispraktyk.

Die leerders moet die formaat en struktuur van die PAT volg, maar die eindproduk, wat in die vorm van 'n **Inligtingsboekie** moet wees, moet individualiteit toon ten opsigte van die keuses van provinsies en besienswaardighede.

### 2. BEPLANNING VIR DIE TAAK

#### 2.1 Tydraamwerke

- Die Praktiese Assesseringstaak in Toerisme het twee fases.
- Die PAT moet in Januarie begin word en teen die einde van Augustus voltooi en nagesien wees.
- Die onderwyser moet gereelde lestyd in die klas hiervoor afstaan, byvoorbeeld 'n dubbelperiode elke tweede week, vir leerders om onder sy/haar toesig aan die PAT te werk.
- Die grootste gedeelte van die PAT moet in die klas gedoen word en sekere afdelings kan as huiswerk voltooi word.

#### 2.2 Die rol van die onderwyser

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die vak en vorm deel van die finale eksamen. Dit moet dieselfde vlak van aandag kry as enige ander deel van 'n finale eksamen.
- Voorafkennis van graad 10 en 11 word vereis om die PAT te voltooi.
- Onderwysers moet leiding aan die leerders verskaf tydens die hele taak.
- Werk moet onder gekontroleerde omstandighede gedurende die PAT lesse gedoen word.
- Dit is die verantwoordelikheid van die skool en die Toerisme-onderwyser om die bronne te verskaf. Leerders moet egter aangemoedig word om addisionele bronne te raadpleeg.
- Voorbeelde van formate vir die toerplan, reisprogram en die koste van die toer is ingesluit.
- Onderwysers mag nie formate vir ander afdelings van die taak ontwikkel nie.
- Die onderwyser MOET van die assesseringsinstrument wat voorsien word om die nasienproses te standaardiseer, gebruik maak.

### 3. BRONNE VIR DIE TAAK

- Inligting oor rugsakreis-toerisme in Suid-Afrika
- Vlugroosters: van en na Frankfurt en Johannesburg
- 'n BAZ busroetkaart, tydrooster, kaartjieopsies en pryse ([www.bazbus.com](http://www.bazbus.com))
- Inligting oor rugsakreis-akkommodasie in Suid-Afrika
- Inligting oor toeristebesienswaardigheid in twee provinsies in Suid-Afrika op die BAZ busroete
- Inligting oor passasierskepe: pryspakkette, fasiliteite en aktiwiteite aan boord, akkommodasie, reisdokumente en toegelate bagasie ([www.starlightcruises.co.za](http://www.starlightcruises.co.za))
- Inligting oor die Portugese eilande: aktiwiteite wat op die eiland gedoen kan word.
- Inligting oor die diverse kulture van Suid-Afrika



#### Addisionele bronne

- Huidige BAZ buspryse en roosters kan verkry word van die webtuiste [www.bazbus.com](http://www.bazbus.com)
- Rugsakreistydskrifte (byvoorbeeld *Dirty Boots*, *Coast to Coast*)
- Nuttige webtuistes: [www.backpackingsouthafrica.co.za](http://www.backpackingsouthafrica.co.za); [www.backpackersinsouthafrica.com](http://www.backpackersinsouthafrica.com); [www.coastingafrica.com](http://www.coastingafrica.com); [www.capebackpackers.com](http://www.capebackpackers.com)

## 4. OORSIG VAN DIE TOER

Jou drie jong vriende vanaf Frankfurt in Duitsland het gevra dat jy vir hulle 'n rugsak ("backpacking")-toer vir twee weke in Suid-Afrika moet reël en dat jy saam met hulle moet gaan. Die vakansie sal met 'n vier-dag-bootreis-**pakket** van Suid-Afrika na die Portugese eilande aan boord van die MSC Sinfonia of die MSC Melody eindig.

### 4.1 PROFIEL VAN TOERISTE

Ouderdom: ongeveer 18–20 jaar  
 Inkomste: begroting-reisigers (jong en opkomende mark)  
 Nasionaliteit: drie Duitsers en een Suid-Afrikaner

### 4.2 BESONDERSE BELANGSTELLINGS

- Fotografie
- Wildbesigtiging
- Avontuuraktiwiteite
- Suid-Afrikaanse Kulture



### 4.3 DIE TIPE TOER

- Rugsakreis
- 'n Reis aan boord van 'n luukse passasierskip

### 4.4 DIE TOER

- Duur: 14 dae (die toer begin en eindig in Johannesburg). Die toer moet twee Suid-Afrikaanse provinsies en 'n 4-dag-bootreis na die Portugese eilande insluit.

Dag 1 en dag 14 – word onderskeidelik opsy gesit vir aankoms in Suid-Afrika en vertrek na Duitsland.

#### Die 14-dag-toerplan

Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5	Dag 6	Dag 7	Dag 8	Dag 9	Dag 10	Dag 11	Dag 12	Dag 13	Dag 14
Arriveer in JHB									Bootreis	Bootreis	Bootreis	Bootreis	Vertrek na Duitsland

Toer van twee provinsies

- Tyd van die jaar: somer in Suid-Afrika
- Vervoer

Lug: Slegs tussen Duitsland en Suid-Afrika

Land: Baz Bus as hoofvervoer. Vir ander kortafstandvervoer, kies die mees bekostigbare openbare vervoeropasies beskikbaar, byvoorbeeld busse, treine, taxi's; rickshaws, fietse, ens.

Water: Passasierskip

- Akkommodasie

Rugsakreisigersakkommodasie (kies goedkoopste opsies beskikbaar)

Passasierskip: deel 4-bed kajuit

#### 4.5 AKTIWITEITE

*'n Minimum van TWEE aktiwiteite per provinsie*

- Provinsie 1 – fotografie en wildlewe
- Provinsie 2 – avontuur en kultuur

Bootreis: 'n minimum van DRIE aktiwiteite per dag aan boord van die passasierskip en EEN aktiwiteit op die Portugese eilande.

### 5. INSTRUKSIES AAN LEERDERS

- Die taak moet in  **twee fases** gedoen word.
- Die inligting moet in 'n **A4-inligtingsboekie**-formaat aangebied word.
- Volg die instruksies wat gegee word om 'n toer vir die **VIER** rugsakreisigers te beplan.
- Die finale voltooide taak moet op 'n datum wat deur die onderwyser vasgestel word, ingelewer word.
- Jou finale PAT wat beide fase 1 en 2 moet insluit, moet baie netjies en kreatief wees. Swak taal en spelfoute sal gepeenaliseer word.



## RUGSAKREIS EN BOOTREIS IN SUID-AFRIKA

FASE 1		Punte
<b>1.</b>	<b>Voorblad van die Inligtingsboekie (2 punte)</b>	
	• Naam van die toer	<b>1</b>
	• Tekeninge en prente hou verband met jou toer	<b>1</b>
<b>2.</b>	<b>Inhoudsopgawe (3 punte)</b>	
	• Alle afdelings is ingesluit (Fase 1 en 2)	<b>2</b>
	• Ooreenstemmende bladsynommers	<b>1</b>
<b>3.</b>	<b>Rugsakreis (10 punte)</b>	
	• Verduidelik die konsep <i>rugsakreis</i> .	<b>2</b>
	• Noem VIER redes waarom toeriste rugsakreis.	<b>8</b>
<b>4.</b>	<b>Inleiding (20 punte)</b> ( <i>doen hierdie na jou aanvanklike beplanningsfase</i> )	
	Skryf 'n opsommende oorsig van jou toer. Gebruik die volgende as opskrifte vir jou opsomming:	
	<b>(a) Land- &amp; lugreëlings</b>	
	• Naam van die lugdiens, aankoms- en vertrekdatums	<b>3</b>
	• Noem en beskryf die hooflandvervoer wat gebruik word.	<b>2</b>
	• Noem die hoofstede/dorpe wat besoek word.	<b>2</b>
	• Noem die hoofbesienswaardighede/aktiwiteite.	<b>2</b>
	<b>(b) Passasierskip</b>	
	• Naam van die passasierskip	<b>1</b>
	• Noem die roete van die bootreis.	<b>3</b>
	• Gee die aankoms- en vertrekdatums.	<b>2</b>
	• Noem die hoofaktiwiteite aan boord van die passasierskip.	<b>2</b>
	<b>(c) Slotsom</b>	
	Vat die kern van jou toer vas om jou vriende van Duitsland te inspireer en opgewonde te maak om op hierdie reis te gaan.	<b>3</b>
<b>5.</b>	<b>Reistoegangsdokumente (8 punte)</b> <b>Aansoek om 'n paspoort</b>	
	• Voltooi 'n aansoekvorm vir 'n paspoort vir jouself. (Foto*, duimafdruk, handtekening, voltooi slegs die relevante afdelings op die vorm) <small>* Kan enige foto wees</small>	<b>5</b>
	• Noem DRIE items wat benodig word om vir 'n paspoort aansoek te doen.	<b>3</b>

<b>6.</b>	<b>Vluginligting (20 punte)</b>		
	Soek 'n vlugrooster van SAL en een ander lugdiens wat tussen OR Tambo Internasionale Lughawe en Frankfurt Internasionale Lughawe vlieg.		
<b>6.1</b>	<b>Vergelyk die twee lugdienste ten opsigte van die volgende:</b>		
		<b>Naam van Lugdiens 1</b>	<b>Naam van Lugdiens 2</b>
	Getal vlugte per dag		<b>2</b>
	Koste van ekonomieseklas-retoer-vlugte vir een persoon		<b>2</b>
	Bagasietoelating:		
	(a) Handbagasie		<b>2</b>
	(b) Ingeweegde bagasie		<b>2</b>
	Tipe vliegtuig		<b>2</b>
	Passassierkapasiteit		<b>2</b>
<b>6.2</b>	Gegrand op die inligting in 6.1, kies die mees toepaslike vlug vir jou vriende en dui die volgende aan:		
	• Vlugnommer		<b>1</b>
	• Vertrektyd uit Duitsland		<b>1</b>
	• Aankomstyd in Suid-Afrika		<b>1</b>
<b>6.3</b>	Motiveer die rede vir jou keuse van hierdie spesifieke vlug.		<b>2</b>
<b>6.4</b>	Skakel die koste van die ekonomieseklas-retoerkaartjie vir een persoon om van ZAR na euro's. Wys alle berekeninge.		<b>3</b>
<b>7.</b>	<b>Die Baz Bus (6 punte)</b>		
	Verduidelik		
	(a) TWEE dienste wat deur die Baz Bus aangebied word		<b>2</b>
	(b) Die VIER prysopsies		<b>4</b>
<b>8.</b>	<b>Die Roetekaart (7 punte)</b>		
	Dui die volgende op 'n buitelynkaart van Suid-Afrika aan:		
	• Die roete wat jy sal gebruik vir die Suid-Afrikaanse been van die toer.		<b>2</b>
	• Gebruik 'n simbool om die lughawe van vertrek aan te dui.		<b>1</b>
	• Gebruik pyltjies om die rigting waarin gereis word, aan te dui.		<b>1</b>
	• Gebruik 'n simbool om die akkommodasie in albei provinsies aan te dui.		<b>1</b>
	• Sluit in 'n legende (sleutel) by die kaart in.		<b>2</b>

<b>9.</b>	<b>Akkommodasie en Besienswaardighede in Suid-Afrika (24 punte)</b>	
	Kry inligting oor rugsakreisakkommodasie en besienswaardighede al langs jou roete.	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaf die volgende inligting vir elk van die twee Suid-Afrikaanse bene van die toer:</li> </ul>	
	TWEE akkommodasieplekke (een in elke provinsie)	
	- Naam	<b>1</b>
	- Ligging (volle fisiese adres of TWEE kontakbesonderhede)	<b>1</b>
	- Beskrywing van fasiliteite wat deur die akkommodasieplek aangebied word.	<b>2</b>
		$4 \times 2 = 8$
	VIJF besienswaardighede (twee in elke provinsie)	
	- Naam	<b>1</b>
	- Ligging	<b>1</b>
	- Beskrywing van besienswaardigheid	<b>2</b>
		$4 \times 4 = 16$
	<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>



## RUGSAKREIS EN BOOTREIS IN SUID-AFRIKA

FASE 2		Punte
<b>1.</b>	<b>Inligting oor die bootreispakket (10 punte)</b>	
	• Noem TWEE items wat by die prys van die bootreispakket ingesluit is.	<b>2</b>
	• Noem TWEE items wat <b>nie</b> by die prys van die bootreispakket <b>ingesluit</b> is <b>nie</b> .	<b>2</b>
	• Ondersoek die vorme van betaling wat aan boord van die skip gebruik word. Noem TWEE.	<b>2</b>
	• Noem die geldeenheid waarin pryse aan boord van die skip gekwoteer word.	<b>1</b>
	• Beskryf die tipe kajuit wat vir jou en jou vriende bespreek is.	<b>3</b>
<b>2.</b>	<b>Toerplan (15 punte)</b>	
	Voltooi 'n EEN-bladsy-oorsig van die toerplan vir die 14 dae. 'n Gedetailleerde verduideliking van die aktiwiteite word <b>nie</b> vir hierdie toerplan <b>benodig nie</b> . Gebruik die formaat wat voorsien word.	

Voorbeeld:

Dag & datum	Naam van naaste dorp	Oggend-aktiwiteite (09:00–13:00)	Namiddag-aktiwiteite (14:00–18:00)	Aand-aktiwiteite (19:00–late)	Akkommodasie	Vervoer
5 11 Nov.	Scottburgh	• Skubaduik by Aliwal Shoal	• Vlieërvlieg ('Kite surfing') • Swem by Aliwal Shoal	• Flielik • Aand vir ontspanning	• Angle Rock Backpackers in Scottburgh	• Openbare vervoer
<b>3.</b>	<b>Reisprogram vir die vier dae aan boord van die passasierskip (32 punte)</b>					
	Stel 'n <b>gedetailleerde</b> TYDGEBONDE reisprogram saam vir die VIER dae aan boord van die passasierskip. 'n Gedetailleerde verduideliking van die vier dae word vereis. Gebruik die formaat wat voorsien word.					

## Formaat

Dag & Datum	Dag van die week	Daaglikse aktiwiteite	Addisionele inligting
10	Vrydag	Oggend:  Namiddag:  Aand:	

<b>4.</b>	<b>Koste van die toer vir EEN persoon (30 punte)</b>	
	Doen 'n uiteensetting van die voorgestelde koste van die toer vir een persoon. Die volgende moet op die kostestaat verskyn:	
	• Opskrif	<b>2</b>
	• Uitgawes:	
	- Vervoer	<b>8</b>
	- Akkommodasie	<b>4</b>
	- Etes	<b>2</b>
	- Vermaak	<b>2</b>
	- Aktiwiteite	<b>2</b>
	- Toegangsfooie	<b>2</b>
	- Reisversekering	<b>2</b>
	- Onvoorsiene uitgawes	<b>2</b>
	- Totale koste van bootreispakket	<b>2</b>
	- Totale koste van die toer (vir EEN persoon)	<b>2</b>
<b>5.</b>	<b>Aanbieding (13 punte)</b>	
	• PAT aangebied in die vorm van 'n Inligtingsboekie	<b>3</b>
	• Kreatiewe en logiese aanbieding	<b>3</b>
	• Bronne/Bibliografie	<b>2</b>
	• Kwaliteit van taalgebruik, spelling en skryfvaardighede	<b>5</b>
	<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>

**ASSESSERING: FASE 1**  
**RUGSAKREIS EN BOOTREIS IN SUID-AFRIKA**

Naam van Leerder: .....

	FASE 1	Punte	Leerder se punt
<b>1.</b>	<b>Voorblad van die Inligtingsboekie (2 punte)</b>		
	• Naam van die toer ✓	1	
	• Tekeninge en prente hou verband met jou toer ✓	1	
<b>2.</b>	<b>Inhoudsopgawe (3 punte)</b>		
	• Alle afdelings is ingesluit (Fase 1 en 2) ✓✓	2	
	• Bladsynommers stem ooreen ✓	1	
<b>3.</b>	<b>Rugsakreis (10 punte)</b>		
	• Konsep goed verduidelik ✓✓	2	
	• VIER redes is genoem waarom toeriste rugsakreis (2 x 4 = 8) ✓✓	8	
<b>4.</b>	<b>Inleiding (20 punte)</b>		
	<b>(a) Land- &amp; lugreëlings</b>		
	• Naam van die lugdiens ✓, datum van aankoms ✓ en vertrek ✓	3	
	• Noem en beskryf ✓✓ die hooflandvervoer wat gebruik is.	2	
	• Noem hoofstede/dorpe wat besoek word. ✓✓ (’n minimum van TWEE stede/dorpe is genoem)	2	
	• Noem die hoofbesienswaardighede/aktiwiteite. ✓✓ (’n minimum van TWEE besienswaardighede is genoem)	2	
	<b>(b) Passasierskip</b>		
	• Naam van die passasierskip. ✓	1	
	• Noem die roete van die bootreis. (Vertrek vanaf ✓ ... na ✓ terug na ✓)	3	
	• Gee die aankoms- ✓ en vertrekdatums. ✓	2	
	• Noem die hoofaktiwiteite aan boord van die passasierskip. ✓✓ (’n minimum van TWEE aktiwiteite is genoem)	2	
	<b>(c) Samevatting</b>		
	Die leerder het die kern van die toer vasgevang ✓ wat die vriende van Duitsland sal inspireer ✓ en opgewonde maak ✓ om op hierdie reis te gaan.	3	
<b>5.</b>	<b>Reistoegangsdokumente (8 punte)</b>		
	<b>Aansoek om 'n paspoort</b>		
	• Aansoekvorm vir 'n paspoort is deur die leerder voltooi. (Foto*, ✓ duimafdruk, ✓ handtekening, ✓ voltooi slegs die relevante afdelings op die vorm ✓✓) * Kan enige foto wees	5	
	• DRIE items wat nodig is om vir 'n paspoort aansoek te doen, is genoem. ✓✓✓	3	

<b>6. Vluginligting (20 punte)</b>					
		Naam van Lugdiens 1	Naam van Lugdiens 2		
<b>6.1</b>	Getal vlugte per dag	✓	✓	<b>2</b>	
	Koste van ekonomieseklas-retoervlugte vir een persoon	✓	✓	<b>2</b>	
	Toegelate bagasie:				
	(a) Handbagasie	✓	✓	<b>2</b>	
	(b) Ingeweegde bagasie	✓	✓	<b>2</b>	
	Tipe vliegtuig	✓	✓	<b>2</b>	
	Passassierkapasiteit	✓	✓	<b>2</b>	
<b>6.2</b>	• Vlugnommer ✓			<b>1</b>	
	• Vertrektyd uit Duitsland ✓			<b>1</b>	
	• Aankomstyd in Suid-Afrika ✓			<b>1</b>	

<b>6.3</b>	Aanvaarbare redes is gegee vir die keuse van hierdie spesifieke vlug. ✓✓			<b>2</b>	
<b>6.4</b>	Die omskakeling van die ekonomieseklas-retoerkaartjie vir een persoon van ZAR na euro's is korrek gedoen. (Berekening is getoon.) ✓✓✓			<b>3</b>	
<b>7. Die Baz Bus (6 punte)</b>					
	(a) TWEE dienste wat deur die Baz Bus aangebied word, is verduidelik. ✓✓			<b>2</b>	
	(b) Die VIER prysopsies is verduidelik. ✓✓✓✓			<b>4</b>	
<b>8. Die Roetekaart (7 punte)</b>					
	• Die roete wat vir die Suid-Afrikaanse been van die toer gebruik word, is korrek aangedui. ✓✓			<b>2</b>	
	• Die lughawe van vertrek is aangedui. ✓			<b>1</b>	
	• Pyltjies om die rigting waarin gereis word aan te dui, is korrek gebruik. ✓			<b>1</b>	
	• Een akkommodasieplek per provinsie is aangedui. ✓			<b>1</b>	
	• Akkurate legende is ingesluit. ✓✓			<b>2</b>	
	• Die roete wat vir die Suid-Afrikaanse been van die toer gebruik sal word, is aangedui. ✓✓			<b>2</b>	

9.	<b>Akkommodasie en Besienswaardighede in Suid-Afrika (24 punte)</b>		
	TWEE akkommodasieplekke (een in elke provinsie) is gegee. - Naam ✓ - Ligging (volle fisiese adres of TWEE kontakbesonderhede) ✓ - Minimum van TWEE fasiliteite beskryf. ✓✓ (4 x 2 = 8)	1  1  2	
	VIER besienswaardighede (twee in elke provinsie) wat by die belangstellings en profiel van die toeriste pas, is gegee. - Naam ✓ - Ligging ✓ - Volle beskrywing van die besienswaardigheid is gegee ✓✓ (4 x 4 = 16)	1  1  2	
	<b>TOTAAL: 100</b>		

**ASSESSERING: FASE 2**  
**RUGSAKREIS EN BOOTREIS IN SUID-AFRIKA**

Naam van Leerder: .....

	<b>FASE 2</b>	<b>Punte</b>	<b>Leerder se punt</b>
<b>1.</b>	<b>Inligting oor die bootreispakket (10 punte)</b>		
	• TWEE items is genoem. ✓✓	<b>2</b>	
	• Twee items is genoem. ✓✓	<b>2</b>	
	• TWEE vorme van betaling is aangedui. ✓✓	<b>2</b>	
	• Korrekte geldeenheid is gegee. ✓	<b>1</b>	
	• Tipe kajuit ✓ wat bespreek is, is korrek beskryf. ✓✓	<b>3</b>	
<b>2.</b>	<b>Toerplan (15 punte)</b>		
	• Agtereenvolgende datums vir elke dag is aangedui. ✓	<b>1</b>	
	• Dag 1 en dag 14 is opsy gesit vir aankoms ✓ en vertrek. ✓	<b>2</b>	
	• TWEE aktiwiteite per provinsie is aangedui volgens die belangstellings van die toeriste. Provinsie 1 – fotografie en wildlewe ✓✓ Provinsie 2 – avontuur en kultuur ✓✓ (2 x 2 = 4)	<b>4</b>	
	• Ligging van alle aktiwiteite is aangedui. ✓✓	<b>2</b>	
	• Akkommodasie vir elke dag is aangedui. ✓✓	<b>2</b>	
	• Vervoer vir elke dag is aangedui. ✓✓	<b>2</b>	
	• Logiese verspreiding van aktiwiteite. ✓✓	<b>2</b>	
<b>3.</b>	<b>Reisprogram vir die vier dae aan boord van die passasierskip (32 punte)</b>		
	• Dag en datum per dag ✓	<b>1</b>	
	• Gedetailleerde beskrywing van DRIE aktiwiteite per dag. (3 x 2 = 6) ✓✓✓✓✓✓✓✓	<b>6</b>	
	• Relevante addisionele inligting wat voorsien word. ✓ (8 x 4 = 32)	<b>1</b>	
<b>4.</b>	<b>Koste van die toer vir EEN persoon (30 punte)</b>		
	• Opskrif ✓ Uitleg ✓	<b>2</b>	
	• Uitgawes:		
	- Realistiese pryse vir VIER verskillende vervoermetodes is gegee. ✓✓ (2 x 4 = 8)	<b>8</b>	
	- Realistiese pryse vir TWEE soorte akkommodasie in twee provinsies is gegee. ✓✓ (2 x 2 = 4)	<b>4</b>	
	- Realistiese etepryse is gegee. ✓✓	<b>2</b>	
	- Realistiese bedrag vir vermaak is ingesluit. ✓✓	<b>2</b>	
	- Realistiese bedrag vir aktiwiteite is ingesluit. ✓✓	<b>2</b>	
	- Realistiese bedrag vir toegangsfooie is ingesluit. ✓✓	<b>2</b>	
	- Realistiese bedrag vir reisversekering is ingesluit. ✓✓	<b>2</b>	
	- Onvoorsiene uitgawes is ingesluit. ✓✓	<b>2</b>	
	- Totale koste van bootreispakket is gegee. ✓✓	<b>2</b>	
	- Totale koste van die toer is korrek bereken. ✓✓	<b>2</b>	

5.	Aanbieding (13 punte)		
	• PAT is aangebied in die vorm van 'n Inligtingsboekie. ✓✓✓	3	
	• Kreatief ✓ en logiese aanbieding ✓✓	3	
	• Bronne/Bibliografie ✓✓	2	
	• Kwaliteit van taalgebruik ✓, spelling ✓✓ en skryfvaardighede ✓✓	5	
		<b>TOTAAL</b>	<b>100</b>